



## Almega 26 – 28 Oktober 2018

**Almega is 'n rustige en goed versorgde kamp in die Dinokeng area. Ons is altesame 18 waens wat saamtrek. Met aankoms Vrydagaand was daar vir elkeen 'n eetdingetjie of twee beskikbaar terwyl sommiges nog gebraai het. Daarna het Pieter en Elmarie die Boekevat behartig. Verder kuier almal rustig by hulle woonwaens weereens tot laataand.**

**Vroeg Saterdag oggend het party dapperes die son aangedurf en gaan stap of selfs op die oord se motorfietse wild gaan besigtig.**

**Teen elfuur kom al die mans en dames bymekaar vir die oggend se saamkuier: Dames hou "High Tea" en die mans, "Biltong, Bier en Brood"!**





**Hierdie was 'n reuse sukses maar natuurlik het die dames kom af-"show" en terselfdertyd van ons mans se eetgoeg geannekseer. Hierdie twee weners het gewys dat hoede selfs van 'n plastiese sak asook papierbord en servette gemaak kan word.**



**Na almal lekker die middag omgekuier of omgeslaap het, het Oom Neels vir ons 'n mooi boodskap gebring tydens sy en tannie Rina se Boekevat sessie. Die vuur is aangesteek en daar is lekker gesmul en gekuier.**

**Sondag oggend is die Boekevat vervroeg as gevolg van die hitte en so het Daan vir ons 'n pragtige Boekevat sessie gehou tesame met 'n bandjie wat hy vir ons oor sy rekenaar gespeel het.**



**Tydens die afsluiting is heelwat inligting oorgedra aan die lede asook verskeie toekennings uitgedeel:**

- **Rietvalleier van die Jaar - Hierdie persoon benodig seer sekerlik geen voorstel nie. Tydjie terug het iemand vir my gevra wie is Sieg, en toe ek hom uitwys sê die persoon "O die ou wat so lekker gesels". So ou Sieg, al ken mense nie altyd jou naam nie hul weet van jou. Ons wil dus graag die trofee vir jou gee as erkenning vir jou hulp tydens saambraaie as die self aangestelde Vuurmeester en Storieverteller. Jy het al menigte saam kuiers aan mekaar gehou. Dankie en doen so voort.**



- **Rietvalleier Senior van die Jaar - Fanie Jacobs, ons wil graag vir jou dankie sê vir jou mooi gesindheid jeens ons streek, asook al jou hulp, bystand en bereidwilligheid om altyd daar te**



wees, hetsy dit pannekoek bak is en of dit tent op of afslaan is in die reën. Dit gaan nie ongesiens verby nie. Baie dankie, die grootste helpende hand in die land.

- **Nasionale Toekenning - Ann en Kiwi is sedert Maart 1993 SAWAnante. Sedert Kiwi se afsterwe in Nov 2007 het Ann besluit om aan te hou kamp en het daarna al bykans 43 kampe en toere op haar eie saam ons gedoen. Voorwaar 'n voorbeeld vir ander! Ann, baie dankie vir jou 25jr getroue lidmaatskap en as blyk van waardering hiermee saam 'n Nasionale Toekenning.**



- **Henry en Roekie Hill ontvang 30 Streek en 50 Algemene aansporingsplaatjie (links) en Daan en Elize vd Berg 50 Streek aansporingsplaatjie (regs).**



**Ons het ook 2 spesiale verjaarsdae gehad en dit is op die gebruikelike Rietvallei manier gevier:**

- **Oom Neels is gebore 25 Oktober 1899 (hahaha) wat hom dus nou net duskant 87 maak. Oom, soos altyd, jy bly voorwaar vir ons almal 'n vaderfiguur en groot voorbeeld, nie net in kampe nie. Doen so voort en onthou, ons is en bly lief vir jou, al is dit soms vrek moeilik. Mag jy nog baie jare geseënd wees en saam ons kamp. Die Boekevat wat jy gisteraand gehou het was ons geskenk aan jou.**

- **Laaste maar nie die minste nie, ja Austin daar is soms 'n rede om laaste te wees! Austin is gebore op 22/03/1938 wat hom dus nou 'n volle 80jr oud maak. Soos jul seker al weet is dit tradisie in RV om hierdie spesiale mylpaal te vier. Weens omstandighede kon ons dit nog nie doen nie, daarom nooi ons almal vandag uit om saam met Austin sy mylpaal te vier deur 'n stukkie van sy spesiale 80ste verjaarsdagkoek te geniet. Mag jy nog baie jare geseënd wees en saam ons kamp.**



- **Bestuurslede wat opgetree het as Kampkommandante:**

**Tjaart en Marietjie Klaasen, Pieter en Elmarie Le Roux asook Wim en Margriet vd Berg.**



Dit is nie  
geluk wat ons  
dankbaar maak nie  
dit is dankbaarheid  
wat ons gelukkig  
maak

**Baie dankie aan almal wat die Boekevat sessies behartig het.**

**Onthou ons Jaareindfunksie en kampaweek te Klein Paradys Nylstroom op 23/11/2018. Betaal asb so spoedig moontlik in sodat ons getalle kan bevestig vir die ete, ook om te sien of ons ekstra staanplekke sal benodig aangesien ons tans net 20 het.**

**Na die gebruikelike afkondigings en erkennings is dit koek en teetyd. So kom nog 'n heerlike kampaweek tot 'n einde.**



**Oom Jakes doen vir ons 'n afsluit gebed. Dankie Vader, vir die lekker kamp en dié voorreg!**

***Tjaart Klaasen***

***Fotos: Marietjie Klaasen***